




Die aarde is die groot bal
of sfeer waarop ons
almal woon. Ons noem
alles om die aarde die
ruimte of die **heelal**.






Die son


Die son is 'n baie, baie warm bal wat uit gasse bestaan. Naby aan sy middelpunt is die son so intens warm dat gasse "saamsmelt".

Dit is hierdie "smelting" wat ons op aarde van lig, hitte en energie voorsien. Die son is 'n ster en dit vorm die middelpunt van ons sonnestelsel.





Planete

Daar is 8 planete en dit
sluit die aarde in.



Mercurius

Venus





Neptunus

Aarde



Uranus




Saturnus



Jupiter

Mars





Meteore

Meteore is groot stukke rots wat deur die ruimte beweeg totdat hulle ons atmosfeer tref en uitbrand.

Hulle word baie warm en begin smelt en lyk dan soos gloeiende strepe in die naglug.


Ons noem hulle "verskietende sterre".

As hulle die aardoppervlak tref voordat hulle heeltemal uitgebrand het, noem ons hulle "meteoriete".




Komete

Komete is stukke ys en gas wat in groot wentelbane deur die sonnestelsel reis. Hulle kom dikwels tot naby aan die son.



Die maan


Die maan is 'n koue, dooie bal rots en stof wat om die aarde wentel. Dit is vier keer kleiner as die aarde.



Sterre



Sterre is intens, warm gasballe soos die son, maar baie, baie ver van ons af. Daar is biljoene der biljoene sterre - ons sal hulle nooit almal kan tel nie. Hulle het verskillende groottes, en ons son het 'n middelmatige grootte.





Teleskope

Mense wat die heelal bestudeer, word sterrekundiges of astronome genoem.


Vandag het ons selfs teleskope ver in die ruimte wat vir ons prente kan stuur van af geleë dele van die heelal wat ons nie van die aarde af kan sien nie.




Ruimtereise

Niel Armstrong van die VSA was die eerste persoon wat op die oppervlak van die maan geloop het op 20 Julie 1969.

Christa McAuliffe was die eerste onderwyser wat 'n ruimtevaarder geword het, maar sy is tragies dood toe die pendeltuig, Challenger, ontplof het op 28 Januarie 1986.






Die Rus, Yuri Gagarin, was die eerste persoon wat in 'n ruimtetuig om die aarde gewentel het op 12 April 1961.

Mark Shuttleworth was die eerste Suid-Afrikaner wat om die aarde gewentel het in April 2002.

Satelliet



'n Voorwerp wat om iets anders wentel, word 'n satelliet genoem; daarom is die maan 'n satelliet van die aarde. 'n Satelliet se pad word sy wentelbaan genoem. Daar is baie mensgemaakte satelliete wat deur mense in wentelbane om die aarde geplaas is.

